# AFDELING A

# INLEIDING EN ORIËNTERING

## 1. PROBLEEMSTELLING

MIV is die virus wat die menslike liggaam, en spesifiek die witbloedselle, aanval en vernietig. Die invloed van die virus is wêreldwyd merkbaar. Volgens Abdool Karim (2008:31) het die getal mense wat deur die MI-virus geïnfekteer is, gegroei van 'n handvol mense in die vroeë 1980's tot ongeveer 40 miljoen mense teen die einde van 2003. Bogenoemde skrywer meld die volgende in dié verband: "*Undoubtedly, AIDS is the world's most devastating epidemic, the deadliest in the history of mankind, it's impact already far worse than could first have been predicted*".

Teen die einde van 2008 was daar ongeveer 33 miljoen mense wêreldwyd wat deur die MI-virus geïnfekteer was en twee miljoen mense wat gesterf het as gevolg van die virus (UNAIDS & WHO, 2009). Die pandemie eis sy tol in 'n groot aantal mense se lewens (UNAIDS & WHO, 2005).

Die MI-virus is vir die eerste keer vroeg in 1983 in Suid-Afrika gerapporteer. Twee gevalle is gerapporteer waarvan albei homoseksueel was. Ongeveer 5.7 miljoen mense was teen 2009 geïnfekteer deur die MI-virus, meer as in enige ander land. Ongeveer 250 000 mense het in 2008 in Suid-Afrika gesterf as gevolg van die virus (Ungass, 2010). Die MIV- en VIGS-pandemie is regoor die wêreld 'n werklikheid. Dit het 'n negatiewe invloed op die onderwyssektor, sowel as op elke individu se lewe.

Die feit dat Suid-Afrika 'n demokratiese land is, impliseer dat elke burger in Suid-Afrika verteenwoordig word deur stelsels en instellings wat namens die Suid-Afrikaanse burgers wette definieer, interpreteer en afdwing. Om 'n stelsel doeltreffend te laat werk moet die verteenwoordigers goed opgelei wees. Die verteenwoordigers word meestal in die openbare sektor aangetref, byvoorbeeld polisiebeamptes, maatskaplike werkers, hospitaal personeel en onderwysers.

Geen afdeling van die openbare sektor is immuun teen die virus nie. Volgens Randall (2002:95-96) sal die MI-virus op twee maniere 'n negatiewe impak op die onderwysstelsel hê, naamlik:

❖ Persoonlike en ekonomiese verdienste vir individue, gesinne en gemeenskappe sal verminder as gevolg van minder beleggings wat voorkom in die opvoeding en onderwyssektor, en

- ❖ Die verlies aan ouers as gevolg van die virus veroorsaak ʼn verlies aan die materiële -, emosionele – en motiveringsondersteuning aan kinders.

Skoolopleiding sowel as tersiêre opleiding is een van die belangrikste komponente wat aandag moet geniet in ʼn ontwikkelende land. UNAIDS en WHO (2002) beklemtoon dat daar ʼn geweldige afname in onderwysers, sowel as leerlinge, is. Afname in onderwysers beteken dat daar meer druk geplaas word op onderwysers wat wel in diens is van skole en leerders daagliks moet onderrig.

Balt, president van die Professionele Onderwys Vereniging van Suid-Afrika, het onlangs verklaar dat die aantal onderwysers wat deur die staat in diens geneem is, verminder het as gevolg van die impak van die MIV- en VIGS-pandemie (Pela, 2004). Onderwysers speel ʼn belangrike rol in die vorming van die jeug se denke. Die afwesigheid van, ʼn negatiewe ingesteldheid en die tyd wat in beslag geneem word om onderwysers – wat mediese ontslag neem of gebuk gaan onder die MIV- en VIGS-pandemie – te vervang, bring mee dat leerders ʼn terugslag in hul opleiding beleef. Die geld en tyd wat bestee word om nuwe onderwysers in diens te neem, dreineer ʼn stelsel wat reeds ʼn tekort aan hulpbronne het. Bogenoemde, gepaard met die aantal leerders wat die skool verlaat om ondersteuning aan hul gesinne te gee, wat wees gelaat is as gevolg van die MIV- en VIGS-pandemie (meestal dogters), bedreig reeds die vooruitgang van die opvoedkundige stelsel vir die afgelope 10 jaar (Whitelaw, 2000).

Govendor (2001:1) meld dat die MIV- en VIGS-pandemie ʼn destruktiewe invloed op alle vlakke van die onderwysstelsel in Suid-Afrika het. Beide die onderwysers en kinders word beïnvloed deur die MIV- en VIGS-pandemie. Onderwysers weet dikwels nie hoe om die invloed van dié pandemie te hanteer nie en is ook onbewus van hulpbronne in dié verband. Malaney (2002:1) meld ʼn verband tussen die onderwysstelsel en die MIV- en VIGS-pandemie: die onderwysstelsel stel ʼn voorkomingsmeganisme daar deur inligting oor te dra oor die MIV- en VIGS-pandemie. Dit is belangrik om in ag te neem dat die onderwysstelsel die meganisme is vir die ontwikkeling van toekomstige menslike hulpbronne. Louw et al. (2001:1) meld in dié verband dat onderwysers gereeld afwesig is van skole en hul daarom minder aandag skenk aan hul skoolwerk en skooltake. Melding word ook gemaak dat onderwysers wat nie self geïnfekteer is nie, wel in kontak sal wees met

geïnfekteerde en geaffekteerde leerders en kollegas by die skool. Onderwysers sal ook dikwels moet instaan vir onderwysers wat afwesig is as gevolg van die invloed van die MIV- en VIGS-pandemie, dus groter werkslading en werksdruk. Onderwysers moet dus voorberei word om die invloed van die MIV- en VIGS-pandemie te hanteer.

Die afleiding kan gemaak word dat onderwysers wel geaffekteer word deur die MI-virus en dat dit wel nodig is om ondersteuningsprogramme vir onderwysers in te stel wat deur dié siekte geraak is. Die REds-bemagtigingsprogram is reeds in 2004 inwerking gestel en is al vir die afgelope ses jaar lopend, getoets en steeds in die proses van toetsing. Vanuit vorige navorsing ten opsigte van die REds-bemagtigingsprogram was dit duidelik dat die respondente negatiewe emosies, negatiewe geestelike ervarings, slaapversteurings en verkeerde eetgewoontes, negatiewe sosiale belewenis en afname in die kwaliteit van professionele dienslewering ervaar het, as gevolg van die impak van die MIV- en VIGS-pandemie op hul lewens (Theron, 2007b:178-181).

Arndt en Lewis (2000:856-886) meld dat verskeie deskundiges daarop gewys het dat die MIV- en VIGS-pandemie ’n negatiewe uitwerking op beide die geïnfekteerde en geaffekteerde leerders se algemene funksionering by die skool sal hê, byvoorbeeld swak konsentrasie vermoë, angstigheid en afwesigheid. Kinders word dus direk geraak deur die MIV- en VIGS-pandemie.

Met die navorsing is daar gefokus op lewensoriëntering-onderwysers vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng. Onderwysers kom daagliks in aanraking met kinders wie se familielede deur die MI-virus geïnfekteer of geaffekteer is, of met kinders wat self deur die virus geïnfekteer of geaffekteer is. Dikwels is dit onderwysers self wat gebuk gaan onder die virus. Die REds-bemagtigingsprogram behels ’n ondersteuningsprogram vir onderwysers wat geaffekteer word deur die MIV- en VIGS-pandemie. Die doel is om onderwysers in staat te stel om hul self te bemagtig teen die invloed van die MIV- en VIGS-pandemie. Daar word spesifiek gefokus op onderwysers aangesien onderwysers nie in afsondering leef of werk nie. Hulle is deel van gemeenskappe en skool-eenhede wat direk deur die MIV- en VIGS-pandemie geraak word. Onderwysers het ook die belangrike taak om leerders op ’n emosionele vlak te ondersteun en te motiveer. Dikwels is dit die leerders self wat

geaffekteer word deur die MIV-en VIGS-pandemie en is dit dus uiters noodsaaklik dat onderwysers die nodige ondersteuning en hulp aan hierdie leerders kan bied.

Die volgende navorsingsvrae spruit voort uit die voorafgaande:

- Wat is die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram, en
- Wat is die uitkoms van die REds-bemagtigingsprogram vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng.

## 2. DOEL VAN NAVORSING

Die doel van die navorsing kan verdeel word in ŉ oorhoofse doelstelling en spesifieke doelwitte.

### 2.1 Oorhoofse doelstelling

Die oorhoofse doelstelling van die navorsing is om die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram te omskryf. Daarna sal gekyk word na die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie op lewensoriëntering-onderwysers vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng, en hulle toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie beter te hanteer deur middel van die REds-bemagtigingsprogram.

### 2.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van die studie sluit die volgende in:

- Om die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram te bespreek, en
- Om die REds-bemagtigingsprogram te evalueer.

## 3. SENTRALE TEORETIESE AANNAME

Die navorsing is onderneem ten opsigte van die volgende sentrale teoretiese aanname:

Die REds-bemagtigingsprogram rus lewensoriëntering-onderwysers toe met kennis en vaardighede in die daaglikse hantering van die MIV- en VIGS-pandemie.

## 4. NAVORSINGSMETODE

### 4.1 Literatuurstudie

’n Literatuurstudie is onderneem om ’n geheelbeeld te kry van die aard van die spesifieke onderwerp. Babbie en Rubin (2010:52-53) meld dat ’n deeglike literatuurstudie onderneem moet word ten einde te bepaal of daar reeds voldoende navorsing gedoen is oor die onderwerp en ook om ’n geheelbeeld te verkry van die spesifieke navorsingsonderwerp en om te besluit op ’n navorsingvraag. Vanuit verskeie bronne geïdentifiseer, is dit duidelik dat die MIV- en VIGS-pandemie wêreldwyd ’n invloed op die mens se lewe het. Dus is dit nie net in Suid-Afrika ’n probleem nie. Die invloed van die MIV- en VIGS-pandemie kan daagliks bespeur word, en dit is ook een van die grootste oorsake van sterftes.

Die volgende databasisse is geraadpleeg:

- Winspirs (Social Work Abstracts),
- Google,
- Ebsco Host,
- SAE Publications,
- ProQuest, en
- Biblioteekkatalogus: Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus).

## 4.2 Empiriese studie

### 4.2.1 Evalueringsnavorsingsmodel

Die evalueringsnavorsingsmodel word gebruik, aangesien die REds-bemagtigingsprogram – ’n reeds bestaande program – geëvalueer word op grond van die doeltreffendheid van die program en om moontlike verbeteringe ten opsigte van die program te bepaal. Die evalueringsnavorsingmodel verwys na ’n maatskaplike navorsingsmetode wat op ’n sistematiese wyse, ondersoek instel na die effektiwiteit van maatskaplike intervensie programme, om sodoende maatskaplike toestande te verbeter (Babbie & Rubin, 2010:42-43; Rossi et al., 2004:16).

### 4.2.2 Navorsingsontwerp

Daar word van beide die verkennende en beskrywende navorsingsontwerp gebruik gemaak. Volgens Grinnell en Unrau (2008:18-21) is die doel van die beskrywende navorsingsontwerp om die werklikheid te beskryf in terme van kwantitatiewe data. Die verkennende ontwerp word benut waar ’n onderwerp relatief onontgin is en min inligting daaroor bestaan.

Die empiriese ondersoek maak gebruik van beide die kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingsparadigma betreffende die insameling van inligting. Delport en Fouché (2005:74) beskou kwalitatiewe navorsing as deelnemers se ervarings, persepsie en betekenis wat hulle oor gebeurtenisse gee. Dit verskaf ook beskrywende data in die deelnemers se eie geskrewe of verbale woorde en behels nie-statistiese metodes en klein steekproewe word benut. Die kwalitatiewe navorsingsontwerp verwys dus na verduidelikings van hoe mense sekere situasies ervaar of beleef. Die doel is om menslike gedrag te evalueer en te beheer (Delport & Fouché, 2005:73). Aangesien daar van beide die kwalitatiewe– en kwantitatiewe navorsingsontwerp gebruik gemaak word, sal die gemengde benadering gevolg word. Creswell (2009:203) meld dat die gemengde metode die sterktes van beide die kwalitatiewe- en kwantitatiewe benadering benut.

Die strategie wat vanuit die gemengde benadering gevolg sal word, is die gelyktydige getrianguleerde strategie aangesien beide kwantitatiewe– en

kwalitatiewe data ingevorder word en terselfdertyd vergelyk word. Nadat die data vergelyk is, kan die navorser bepaal of daar ’n verskil, ’n vergelyking of ’n kombinasie in die data voorkom. Creswell (2009:213) meld in dié verband dat afsonderlike kwantitatiewe– en kwalitatiewe benaderings gevolg word, maar die doel is om die data van albei benaderings te integreer. De Vos (2005:361) meld die volgende oor triangulering: “*Thus the concept of triangulation is sometimes used to designate a conscious combination of quantitative and qualitative methodology*”.

### 4.2.3 Deelnemers

Die nie-waarskynlikheidseleksie tipe steekproef is benut, aangesien die navorser nie van ’n spesifieke vooraf vasgestelde universum gebruik gemaak het nie. Grinnell en Unrau (2008:551) beskryf die nie-waarskynlikheidseleksie tipe steekproef as ’n steekproef prosedure waarvan alle persone wat betrokke is by die steekproef, onbekend is en nie doelbewus by die navorsing ingesluit is nie.

’n Doelgerigte steekproef is benut waar die navorser self skole geïdentifiseer het. Esokwazi Secondary School in Evaton is geïdentifiseer, waar vyftien lewensoriëntering-onderwysers oorspronklik betrek is by die navorsing. Dié skool is geïdentifiseer, aangesien die navorser bekend was met die skool, die meeste onderwysers in die skool die vak lewensoriëntering aanbied en die meeste onderwysers van die skool versoek het om aan die navorsing deel te neem. Slegs elf deelnemers het die program enduit meegemaak.

### 4.2.4 Meetinstrumente

Die meetinstrumente wat benut is, is die volgende:

#### 4.2.4.1 Voor-toets

Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005a) (Bylaag 1) wat deur die respondente voltooi is voor die aanvang van die groepbyeenkomste om die respondente se werksbevrediging en werksomstandighede te bepaal is as kwantitatiewe meetinstrument benut. Onvoltooide sinne (Bylaag 2) wat deur die respondente

voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Tekeninge (Bylaag 3) wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut. ’n Gestruktureerde individuele onderhoudskedule (Bylaag 4) met elke respondent, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om hul ervaring ten opsigte van die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op hul dienslewering te bepaal, is ook as kwalitatiewe meetinstrument benut.

#### 4.2.4.2 Na-toets

Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005a) wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente ingevul is om hul werksbevrediging en werksomstandighede te bepaal, is as kwantitatiewe meetinstrument benut. Onvoltooide sinne wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente ingevul is om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Tekeninge wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente voltooi is, om die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut. Refleksiestate (Bylaag 5) wat na afloop van elke groepbyeenkoms deur elke respondent ingevul is, om te bepaal of die respondente enige baat gevind het by die groepbyeenkomste en wat hulle sou verander rakende die groepbyeenkomste, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Die evaluering van die assistent-terapeut se notas, wat tydens elke groepbyeenkoms afgeneem is, is ook as kwalitatiewe meetinstrument benut. Opvolg onderhoudvoering met respondente ongeveer twee tot drie maande na afloop van die REds-bemagtigingsprogram is ook gedoen.

### 4.2.5 Data analise

#### 4.2.5.1 Kwantitatiewe data analise

Rekenaarverwerking van data geskied deur gebruik te maak van die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit en deur data in syfers en tabelle

voor te stel. Grinnell en Unrau (2008:554) beskryf kwantitatiewe data as data wat ’n kwantiteit of ’n getal meet.

Babbie en Rubin (2010:290) meld dat die fokus tydens kwantitatiewe data-analise beperk is tot die data wat ingesamel is oor die spesifieke navorsing. Die doel van kwantitatiewe navorsing is om ’n gevolgtrekking te maak oor ’n spesifieke onderwerp. Kwantitatiewe data analise vereis dat data in syfers of kodes verwerk word en in tabelle weergegee word.

### 4.2.5.2 Kwalitatiewe data analise

Volgens Grinnell en Unrau (2008:554) is kwalitatiewe data dié data wat moeilik kwantifiseerbaar is. Kwalitatiewe data-analise word deur Babbie en Rubin (2010:342) omskryf as die evaluasie van gedrag om verduidelikings en patrone van gedrag in kwalitatiewe navorsing te ontdek. Kwalitatiewe data-analise word gedoen deur inligting in temas en sub-temas te verwerk. Onderhoude is getranskribeer. Oorspronklike voltooide vraelyste is verwerk en afskrifte is ook daarvan gemaak. Inligting is volgens groepbyeenkoms datums gesorteer en in ’n lêer geplaas.

Skrywers soos De Vos (1998:186-187) en Poggenpoel (1998:343-344) bespreek Tesch se benadering tot data-analise in terme van die volgende:

- ❖ Die navorser lees die ingesamelde data deur en maak notas,
- ❖ Een onderhoud word geselekteer, deurgewerk en idees in verband daarmee word neergeskryf. Dieselfde bogenoemde prosedure word met ’n verskeidenheid respondente toegepas,
- ❖ Temas, sub-temas en spesifieke onderwerpe word saam gegroepeer in kolomme,
- ❖ Temas word gekodeer en omgeskakel na teksformaat. Hierdeur word nuwe kategorieë en kodes geïdentifiseer,
- ❖ Die navorser selekteer beskrywende woorde vir verskillende temas en bepaal ooreenkomste tussen die verskillende temas,
- ❖ ’n Finale besluit word geneem oor die benaming van elke kategorie en kodes word volgens alfabetiese volgorde gerangskik,

- ’n Voorlopige analise word uitgevoer, en
- Herkodering van bestaande inligting vind plaas, indien dit nodig sou wees vir verdere kategorieë en sub-kategorieë.

Die bogenoemde stappe is toegepas tydens data analise.

#### 4.2.6 Navorsingsprosedure

’n Verskeidenheid skole in Evaton is genader. Die skoolhoofde moes besluit of hul bereid is om die lewensoriëntering-onderwysers toe te laat om aan die navorsing deel te neem. Slegs een skool, naamlik Esokwazi Secondary School vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng, is betrek by die navorsing, aangesien ’n groot aantal lewensoriëntering-onderwysers van hierdie skool wou deelneem aan die navorsing. Die meeste onderwysers by Esokwazi Secondary School bied lewensoriëntering by die skool aan en het gemeld dat hul benadeel sal word deur nié die kans gegun te word om deel te neem aan die navorsing nie. Hul het dus spesifiek versoek dat daar gebruik gemaak word van onderwysers van hul skool om die navorsing te voltooi.

Die skoolhoof het die lewensoriëntering-onderwysers se name verstrek. ’n Lokaal is by die skool verkry en ’n programbeplanning is aan elke respondent verskaf. Daar is ook op ’n tydskedule (Mei 2008 tot September 2008) (Bylaag 6) saam met elke respondent besluit.

#### 4.2.7 Etiese aspekte

Elke navorser moet bewus wees van wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is in die wetenskaplike navorsingsproses (Babbie en Rubin, 2010:256). Vervolgens word enkele etiese aspekte bespreek wat tydens die navorsingsproses in gedagte gehou moet word:

#### 4.2.7.1 Etiese besluitneming

Goedkeuring om die navorsing te onderneem is verkry van die Gautengse Onderwysdepartement (Bylaag 7). Elke respondent het ook ’n toestemmingsvorm en vrywaringsklousule (Bylaag 8) onderteken om aan die navorsing deel te neem. Etiese toestemming ten opsigte van die navorsing is ook van die Noordwes-Universiteit ontvang met die nommer:

NWU-00013-07-A3.

### 4.2.7.2 Ingeligte toestemming

Babbie (2010:71), Grinnell en Unrau (2008:6) en Strydom (2005:59) verwys daarna dat alle respondente se verbale of geskrewe toestemming verkry moet word vir deelname aan die navorsing en dat die respondente ook ingelig moet word aangaande die aard van die navorsing. Respondente is in kennis gestel waaroor die navorsing handel en hul het ook vrywilliglik deelgeneem aan die navorsing. Elke respondent het ’n toestemmingsvorm onderteken.

### 4.2.7.3 Skade aan proefpersone

Navorsing behoort nooit enige respondent skade te berokken nie (Babbie, 2010:65-67, Grinnell en Unrau, 2008:6 en Strydom, 2005:58). Respondente behoort altyd beskerm te word teen enige beserings, ongeag waaroor die navorsing handel. Daar moet ook gelet word op enige emosionele skade wat aan die respondente berokken kan word. Respondente is voorberei oor die aard van die navorsing en elke respondent het ook ’n volledige handleiding ontvang. Respondente kon enige tyd hul betrokkenheid by die navorsing beëindig.

### 4.2.7.4 Misleiding van proefpersone

Babbie (2010:84) meld dat indien proefpersone mislei word, word die algemene standaarde van etiese gedrag oortree. Respondente is voor die aanvang van die groepbyeenkomste ingelig oor die aard van die navorsing en wat van hulle verwag sou word. Dus was daar nie sprake van misleiding nie.

### 4.2.7.5 Skending van privaatheid

Babbie (2010:67-69) en Strydom (2005:61) meld dat privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid te alle tye gehandhaaf moet word. Geen inbreuk is gemaak op die respondente se privaatheid nie. Respondente is nie gedwing om inligting te verstrek nie en het hulle slegs inligting verstrek waarmee hul gemaklik gevoel het.

Groepbyeenkomste is oorspronklik in ’n klaskamer en daarna in die personeelkamer van die skool gehou, dus is daar geen inbreuk op die respondente se private

wonings gemaak nie. Respondente se inligting is anoniem hanteer deurdat hul nie nodig gehad het om hul name te verskaf tesame met die inligting wat hul verstrek het nie. Alle inligting is vertroulik hanteer, deurdat die inligting wat verskaf is deur die respondente, nie aan enige persoon – behalwe dié wat die navorsing hanteer – beskikbaar gestel is nie.

#### 4.2.7.6 Optrede en bekwaamheid van navorser

Vanuit Babbie (2010:84) en Strydom (2005:63) se bespreking oor etiese kwessies ten opsigte van navorsing is dit duidelik dat die navorser te alle tye objektief moet optree en ook seker moet maak dat navorsingsbevindings ten volle en akkuraat weergegee word. Die navorser het gepoog om te alle tye objektief, nie-veroordelend en sensitief te wees. Respek is getoon vir kulturele diversiteit. Navorsing is voltooi aan die hand van die handleiding wat verskaf is ten opsigte van die REds-bemagtigingsprogram.

#### 4.2.7.7 Samewerking met medewerkers

Strydom (2005:64) meld dat medewerkers dikwels formeel of informeel betrokke is by navorsing. Die assistent-terapeut, me. E. Uys, is voor die aanvang van die ondersoek deeglik ingelig oor die aard en omvang van die navorsing, sowel as haar rol en verantwoordelikhede.

#### 4.2.7.8 Bekendmaking van bevindings

Objektiewe analise van data sowel as akkurate bekendmaking van navorsingsbevindings is uiters belangrik (Babbie, 2010:446; Strydom, 2005:65). Die prosedure, soos uiteengesit deur die projekleier en studieleier, is gevolg. Die verslag word geskoei op die bevindinge van die navorsing en terugvoer oor die program word aan die deelnemers gegee.

#### 4.2.7.9 Herstel van respondente

Strydom (2005:66) meld dat respondente die kans gegee moet word om deur hul ervarings en gevoelens ten opsigte van die navorsing te werk. Groepbyeenkoms agt en tien is benut as ontladingsessies vir die respondente. ’n Opvolgbesoek is beplan

vir drie maande na afhandeling van die navorsing, maar het die respondente te kenne gegee dat hul voel ’n opvolgbesoek is nie nodig nie.

## 5. BENADERING TOT DIE STUDIE

Volgens die sterkte-benadering word gefokus op persone se sterktes om hul sodoende te bemagtig om die lewenseise te kan hanteer. Toseland en Rivas (2009:140-141) meld in dié verband dat alle persone sekere sterktes het en dat op hul sterktes gefokus moet word om hul sodoende te bemagtig.

Zastrow (2009:213-214) verwys ook na die sterkte-benadering as bemagtiging en meld dat bemagtiging impliseer om die vaardighede en sterktes van persone, in kontras met die patologiese perspektief wat fokus op gebreke, te identifiseer, te benut, te bou en te versterk. Du Bois en Miley (2005:26-27) verduidelik dat op persone se sterktes gefokus moet word ten einde tekortkominge of probleme te oorkom.

Skrywers soos Blundo (2001:302), Lee (2003:386-387), Schatz en Flagler (2004:64), sowel as Stutterheim en Weyers(2004:8-9) meld dat die sterkte-benadering op sekere beginsels gebaseer is, naamlik:

- ❖ Alle individue, groepe en gemeenskappe beskik oor sterktes,
- ❖ Alle gemeenskappe beskik oor hulpbronne, byvoorbeeld klinieke en hospitale, en
- ❖ In die bemagtigingsproses is elke persoon verantwoordelik vir sy eie sukses.

Skrywers soos Chazin et al. (2000:198-200), Graybeal (2001:234), Orsulic-Jeras et al. (2003:240) en Saleebey (2004:589-590) verskaf die volgende voordele van die sterkte-benadering:

- ❖ Die uniekheid van elke respondent word onvoorwaardelik erken en benut in die bemagtigingsproses,
- ❖ Respondente leer om hul sterktes te identifiseer, te organiseer en te gebruik, asook gemeenskapshulpbronne te benut, en

- ❖ Sterktes van die respondente word deur die navorser erken en gerespekteer. Só word die respondente bemagtig om hul eie kragte en potensiaal te benut en uitdagings beter te hanteer.

Die volgende nadele word deur bogenoemde skrywers verskaf:

- ❖ Die navorser sowel as die respondente kan onrealistiese verwagtinge koester,
- ❖ Respondente kan weerstand bied teen die bemagtigingsproses, en
- ❖ Respondente behoort self hul sterktes te identifiseer, maar is dikwels nie in staat om hul eie sterktes te identifiseer nie.

Die REds-bemagtigingsprogram fokus op die sterkte-benadering deurdat die program se doel is om lewensoriëntering-onderwysers te bemagtig. Bemagtiging vind plaas deur die spesifieke temas wat tydens die nege modules met die lewensoriëntering-onderwysers bespreek word. Alle respondente het aktief deelgeneem aan die bemagtigingsproses deur middel van die besprekings wat plaasgevind het tydens elke byeenkoms.

## 6. BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die volgende beperkings is ondervind tydens die ondersoek:

### 6.1 Deurlopende deelname van alle respondente

Met die aanvang van die navorsing was vyftien respondente verbind tot die navorsing. Met die verloop van die groepbyeenkomste het sommige van die respondente onttrek. Slegs elf respondente het die studie voltooi.

### 6.2 Tydsbeperking

Groepbyeenkomste is dikwels as gevolg van die volgende redes deur die respondente gekanselleer:


- ❖ Eksamens van leerders,
- ❖ Besoeke van die Onderwys Departement,

- Stakings, en
- Sportbyeenkomste.

## 7. INDELING VAN VERSLAG

Die verslag kan skematies soos volg voorgestel word:

**SKEMATIESE VOORSTELLING 1: INDELING VAN VERSLAG**



**BIBLIOGRAFIE**


ABDOOL KARIM, S.S. 2008. The evolving HIV epidemic: Introduction. (*In* ABDOOL KARIM, S.S. & ABDOOL KARIM, Q., *eds.* HIV/AIDS in South Africa. Cambridge: University Press. pp.31-36.)

ARNDT, C. & LEWIS, J. 2000. The macro-economic implications of HIV/AIDS in South Africa: a preliminary assessment. *Journal of South African Economics,* 68(2):856-887.

BABBIE, E. 2010. The practice of social research. 12th ed. Belmont: Wadsworth.

BABBIE, E. & RUBIN, A. 2010. Essential research methods for social work. 2nd ed. Belmont: Brooks/Cole Publishing Company.

BLUNDO, R. 2001. Learning strengths-based practice: challenging our personal and professional frames. *Families in society*, 82(3):296-304, May/Jun.

CHAZIN, R., KAPLAN, S. & TERIO, S. 2000. Introducing a strengths/resiliency model in mental health organizations. (*In* Norman, E., *ed*. Resiliency enhancement: putting the strengths perspective into social work practice. Chichester, N.Y.: Columbia University Press. pp.192-210.)

CRESWELL, J.W. 2009. Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches. 3rd ed. Los Angeles: Sage Publications.

DE VOS, A.S. 1998. Programme Evaluation. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B., POGGENPOEL, M., SCHURINK, E. & SCHURINK, W., *eds.* Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. pp.178-188.)

DE VOS, A.S. 2005. Combined quantitative and qualitative approach. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. pp.357-366.)

DU BOIS, B . & MILEY, K.K. 2005. Social Work. An empowering Profession. 5th ed. New York: Pearson Education, Inc.

FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. pp.71-85.)

GOVENDOR, P. 2001. AIDS wipes out SA's educators. *Sunday Times:* 4 Nov.1.

GRAYBEAL, C. 2001. Strengths-based social work assessment: transforming the dominant paradigm. *Families in society*, 82(2):233-242, Mar/Apr.

GRINNELL, R.M. & UNRAU, Y.A. 2008. Social work research and evaluation. Foundations of evidence-based practice. 8th ed. Oxford: University Press.

LEE, M. 2003. A solution-focused approach to cross-cultural clinical social work practice: utilizing cultural strengths. *Families in society*, 84(3):385-395, Jul/Sep.

LOUW, N., EDWARDS, D. & ORR, J. 2001. HIV/AIDS: Care and support of affected and infected learners. A Guide for Educators. Pretoria: Government Printer. 105 p.

MALANEY, P. 2002. The impact of HIV/AIDS on the Education Sector in Southern Africa. (CAER ll Discussion Paper no. 81, Aug. 2002). [Web:] http://www.iaen.org. [Date of access: 17 August 2010].

ORSULIC-JERAS, S., SHEPHERD, J.B. & BRITTON, P.J. 2003. Counseling older adults with HIV/AIDS: a strengths-based model of treatment. *Journal of mental health counseling*, 25(3):233-244, Jul. Available: Academic Search Premier.

PELA, M. 2004. South Africa's government workforce seriously affected by AIDS. *The Medical Post,* 40(16).

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., & Schurink, E.W., *eds*. Research at grass roots: a primer for the caring profession. Pretoria: Van Schaik. pp.334-353.)

RANDALL, C. 2002. *Impacts and responses of industries, workplaces and sectors of the South African Economy.* (*In* GELB, S. KELLY, K., PARKER, W., *eds.* HIV/AIDS, economics and governance in South Africa: Key issues in understanding response, a review. Johannesburg: USAID. pp.95-96.)

ROSSI, P.H., LIPSEY, M.W. & FREEMAN, H.E. 2004. Evaluation: a systematic approach, 7th ed. Thousand Oaks: Sage.

SALEEBEY, D. 2004. Response to "Ending social work's grudge match." *Families in society*, 85(4):588-590, Oct/Dec.

SCHATZ, M.S. & FLAGLER, M.N. 2004. Examining how professionals describe the strengths perspective in their practice. *Journal of Baccalaureate social work*, 9(2):63-77. Available: Academic Search Premier.

STAMM, B.H. 2005a. The ProQOL Manual. Lutherville: Sidran Press. 5 p.

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L., *eds.* Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. pp.56-70.)

STUTTERHEIM, E. & WEYERS, M.L. 2004. Strengths-focused intervention: the new approach of the social work services of the South African Police Service(SAPS). *Social work/Maatskaplike werk*, 40(1):1-24, Mar.

THERON, L.C. 2007b. The health status of Gauteng and Free State Educators affected by the HIV and AIDS pandemic – an introductory qualitative study. *African Journal of Aids Research,* 175-186.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2009. An Introduction to group work practice. 6th ed. Boston: Allyn and Bacon.

UNAIDS & WHO. 2002. AIDS epidemic update: December 2002. Geneva: Unaids.

UNAIDS & WHO. 2005. Report on the global HIV/AIDS epidemic. Geneva: Unaids.

UNAIDS & WHO. 2009. Eight-year trend shows new HIV infections down by 17% -- most progress seen in sub-Saharan Africa. Media announcement. November 24, 2009. Geneva: Unaids.

UNGASS. 2010. South Africa UNGASS Country Progress Report. http://www.unaids.org. [Date of access: 17 August 2010].

WHITELAW, K. 2000. AIDS in the classroom. *US News and World report,* 128(6):32-33.

ZASTROW, C.H.  2009. Social Work with groups: a comprehensive workbook. 7th ed. Belmont: Brooks/Cole Publishing Company.